

5 Desember

Lukas 1:39-56; (Teks: 1:50-53)

Christus, die onverdiende geskenk aan die behoeftiges

Die loflied van Maria herinner elkeen van ons daaraan hoe absoluut afhanklik ons is van die genade van die Here. Christus het na ons wêreld gekom - na elkeen van ons wat ons sonde besef en ons eie onwaardigheid voor Christus bely. Dit is wat sy barmhartigheid vir ons beteken.

Die Grieke het destyds geglo emosies soos barmhartigheid moenie regverdige regspraak in die wiele ry nie.

In die verbondsverhouding van die Here met Israel, weet ons, is regsbeginsels ook onverswak gehandhaaf. Sonde en oortreding is streng gestraf.

Die Here is egter ook genadig en die berouvolle sondaar kon hom op die genade van die Here beroep.

Oor hierdie genade sing Maria.

Die wondergeboorte wat in haar gaan plaasvind, is die saamtrepunt van die genade van die Here wat genade wil bewys aan 'n verlore mensdom. Vir die sonde moet steeds betaal word, maar die Here skep vir die gelowige 'n pad na Hom terug deur die geboorte van Christus. Christus sal vir ons sonde betaal om aan God se eis vir geregtigheid te voldoen. Soos die Here Abraham uit genade geroep het uit Ur van die Chaldeërs, so kom die Here in Christus aan die mensdom genade bewys. "Sy dienaar Israel het Hy te hulp gekom deur te dink aan sy beloftes van ontferming" sê Maria. Sy sing verder van rykes wat met leë hande weggestuur word, maar behoeftiges wat met goeie gawes oorlaai word. Mense wat hul geestelike nood besef - hulle is die mense wat hierdie nuwe verlossingspad mag bewandel. As u ootmoedig u sonde bely, is u op daardie pad wat Jesus kom baan het.

Ds. K.A. Janse van Rensburg (Kaapstad)